Hoërskool DF Malan

Frans Conradierylaan, Bellville 7530
Tel. (021) 948 8781 • Faks (021) 948 2996
e-pos: info@dfmalan.com
www.dfmalan.com

13 Oktober 2025

Beste DF-ouer

BEGROTINGSVERGADERING

Soos uiteengesit in ons nuusbrief, nooi ons u graag uit na die ouervergadering op **DONDERDAG, 6 NOVEMBER 2025 om 18:30** in die skoolsaal. Die beheerliggaam sal die 2026-begroting aan u voorlê en soos bepaal deur die nuwe wetgewing (BELA) word ‘n kworum van 10% vereis by die eerste vergadering. Daar moet ongeveer 240 ouers teenwoordig wees. U sal ook die geleentheid kry om te sien watter projekte vir 2026 beplan word en wat reeds in 2025 voltooi is. Indien daar nie ‘n kworum teenwoordig is nie, sal ‘n tweede vergadering op 13 November om 18:30 plaasvind. U is welkom om vrae aan die finansiële komitee se voorsitter, mnr. F. Retief, te rig indien daar enige onduidelikheid is. Ons wil u derhalwe graag versoek om hierdie vergadering by te woon.

Die begroting is ter insae, per afspraak beskikbaar in die hoof se kantoor vanaf 23 Oktober 2025. Geen afskrifte of e-posse van hierdie begroting sal toegelaat word nie.
Die kernpunte van die 2026-begroting is soos volg:

Skoolfonds / Vakgelde:

	Jaarliks (Per Leerder)	**Per Maand (11 maande) (Jan. tot Nov.)**
Skoolfonds	R43 120	R3 920
Sportwetenskap	R3 286	R298.73
Robotika	R3 400	R309.10
Ekstra vak (8ste vak)		
RTT	R3 286	R298.73
IT	R3 286	R298.73
Leerderondersteuningsmateriaal	R850	
Verlore Boeke	R250	

Hoërskool DF Malan

Frans Conradierylaan, Bellville 7530
Tel. (021) 948 8781 • Faks (021) 948 2996
e-pos: info@dfmalan.com
www.dfmalan.com

Eenmalige betaling:
Om vir ‘n korting van **R2 156** te kwalifiseer, moet betalings voor of op **13 FEBRUARIE 2026** gemaak word. **GEEN** uitsonderings sal gemaak word nie.

Maandelikse betaling (debietorders / elektroniese betalings: Skoolgeld is maandeliks vooruitbetaalbaar oor 11 maande en moet voor of op die 4de van ‘n maand betaal word. (Betalings is vanaf 1 Januarie 2026 tot 30 November 2026 betaalbaar). Ons wil u graag versoek om van die debietorderwyse gebruik te maak wat maandeliks verhaal word. Dit sal verseker dat u betaling na die regte rekening geallokeer word en betyds verhaal word.

Leerondersteuningsmateriaal:
Die betaling van die leerondersteuningsmateriaal vir 2026 is voor of op 30 November 2025 betaalbaar. Die leerondersteuningsmateriaal moet in 2025 betaal en afgehaal word, anders word ‘n boete van **R450** bygevoeg vir laat betaling en/of laat afhaal. Hierdie boete is nie van toepassing op nuwe leerders vir 2026 nie.

Ons sien daarna uit om u by die vergadering te ontvang.

Vriendelike groete.

Mnr. J.H. Conradie
Skoolhoof